



### **Entstof vir beeste.**

Foto: [www.agrieco.net](http://www.agrieco.net)

### *Produksie van entstof nog ver*

*Deur Theuns Botha*

*17 April 2015*

**29** keer gelees

#### **Boere sal nog lank moet wag dat private laboratoriums ook entstof vir vee kan vrystel.**

Diegene wat hul hoop op private laboratoriums vestig om die tekort aan sekere entstowwe in die land te verlig, sal waarskynlik nog lank moet wag.

Dr. Louis Maartens, 'n navorsingsveearts by Deltamune in Pretoria, sê hulle is die afgelope paar maande oorval met navrae om tot die vervaardiging van sekere entstowwe toe te tree om die nypende tekort uit te wis. Deltamune is net een van 'n handvol private laboratoriums in die land wat diagnostiese werk doen en wat die vermoë het om entstowwe te berei.

Om nuwe entstof te vervaardig is nie so eenvoudig nie, sê Maartens. Die ontwikkeling van 'n nuwe entstof vir bv. bloutong – wat doeltreffend is teen ál die stamme van die virus – kan baie lank duur, tot sewe jaar, of selfs langer, sê hy.

Deltamune en ander private instansies werk hard om nuwe en verbeterde entstowwe teen veesiektes te ontwikkel, maar dis nie 'n kitsresep wat die huidige entstoftekorte gaan oplos, soos wat talle boere gehoop het nie.

“Oor 'n paar jaar sal ons waarskynlik in staat wees om in só 'n krisis entstof te kan voorsien,” meen Maartens. Die goeie nuus is egter dat Deltamune reeds ver gevorder het met die ontwikkelingsproses van verskeie nuwe entstowwe, en die verwagting is dat sommige hiervan binnekort beskikbaar sal wees.

Deltamune, wat in 1995 gestig is, het reeds verskeie entstowwe vir pluimvee geregistreer, wat vrylik in die land beskikbaar is. Die laboratorium het ook reeds een entstof geregistreer vir beeste: Herbivac LS wat deur CEVA versprei word vir die voorkoming van knopvelsiekte.

\* Die Nasionale Diergesondheidsforum het die direkteur-generaal van Landbou onlangs versoek om die vervaardiging, verskaffing en verspreiding van entstowwe deur Onderstepoort Biologiese Produkte dringend te laat ondersoek. Die huidige probleem het te make met die beskikbaarheid van geregistreerde entstof, en omdat dit die verantwoordelikheid van die vervaardiger is om te sorg dat voldoende produkte beskikbaar is.